# JUNIOR SECONDARY CERTIFICATE

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **1130/4**

PAPER 4 Literature 1 hour 30 minutes

Marks 40 **2019**

Additional Materials: Answer Book

**INSTRUCTIONS AND INFORMATION TO CANDIDATES**

- Write your answers in the Answer Book provided.
- Write your Candidate Number and Name in the spaces provided on the Answer Book.
- Write in dark blue or black pen.
- Do not use correction fluid.

- Answer **one** question from Section **A** and **one** question from Section **B**.
- Pay attention to spelling, punctuation and sentence structure.

- All questions in each section of this paper carry equal marks.
- The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

This document consists of **7** printed pages.

**Republic of Namibia**

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

© MoEAC/DNEA

**Instruksies:**

- Beantwoord **twee** vrae, **een** uit elke afdeling.
- Begin elke vraag op ’n skoon bladsy.
- Skryf die nommer van die vraag boaan die antwoord.
- Netjiese en duidelike handskrif sal in jou guns tel.

## AFDELING A: POËSIE

Beantwoord **een** vraag uit hierdie afdeling.

Junior Verseboek – D. J. Opperman

**1** Bestudeer die volgende gedig noukeurig en beantwoord dan die vrae wat volg.

### Klara Majola

Klara Majola wou haar vader
toe die skemer sak, gaan haal
waar hy, die blinde, hout
vergader
maar Klara Majola het verdwaal.

Klein Klara Majola lê verkluim
in die Bokkeveld se bros kapok,
haar arms en bene bruin
en kromgetrek soos wingerdstok.

Klara Majola, die koue geweld
sif stadiger oor my uit die ruim.
Maar nooit sal ek in die
Bokkeveld
so warm, Klara Majola, soos jy
verkluim.

*(D.J. Opperman)*

**(a)** Waarom het Klara haar pa gaan haal? [2]

**(b)** Wat het Klara se pa gaan maak? [2]

**(c)** Wat het met Klara gebeur? [2]

**(d)** Wat is "kapok"? [2]

**(e)** Gee 'n voorbeeld van alliterasie in strofe 2. [2]

**(f)** Waarmee word Klara se liggaam in die kapok vergelyk? [2]

**(g)** Wie word aangespreek in die slotstrofe? [2]

**(h)** Watter **twee** betekenisse kan die spreker in die gedig hê as hy sê dat sy "nooit sal ek in die Bokkeveld so warm ... soos jy verkluim"? [4]

**(i)** Wat is die kontras in die slotreël van die gedig? [2]

**[20]**

**OF**

**2** Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat daaroor gestel word.

**Ag, sy het nie gesterwe**

Ag, sy het nie gesterwe,
maar sy was somaar dood:
geen siekte en lange lyding,
geen uur van voorbereiding,
geen dokter met die tyding;
net een, een onweerskoot,
en sy was dood.

Hoe het ons arme seuntjie
gekwyn tot in die dood:
vooraf die lange lyding,
dan sluipsgewys die tyding,
daarna die wrede skeiding,
en dan (dit was my hart te groot!)
en dan sy dood.

Maar bitterder as bitter
die plotsheid van haar dood:
’n vonkvuur blits die tyding,
’n straalpyl bring die lyding,
’n skrikroep is die skeiding;
en – sy het nie gesterwe,
maar sy was somaar dood.

*(Totius)*

**(a)** Hoe weet ons dat die dogtertjie se dood onverwags was? Noem **4** dinge. [4]

**(b)** Waaraan is die dogtertjie dood? [2]

**(c)** Watter verskil is daar tussen die seuntjie en die dogtertjie se dood? [4]

**(d)** Watter frase in strofe 2 dui aan dat die seuntjie se dood vir die ouers baie swaar was? [2]

**(e)** Wat noem ons die gedeelte in hakies in strofe 2? [2]

**(f)** Watter woord in strofe 3 dui aan dat die ouers nie die dogtertjie se dood verwag het nie? [2]

**(g)** Watter **twee** woorde in strofe 3 het 'n assosiasie met die manier waarop die dogtertjie dood is? [2]

**(h)** Verduidelik die woorde in die slotreël: "maar sy was somaar dood". [2]

**[20]**

## AFDELING B: PROSA

Beantwoord **een** vraag uit hierdie afdeling.

Japtrap – J.P. en Ria Smuts

**3** Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

### My broer se kraai – Chris Barnard

Hy het die vleis geëet wat ons hom gegee het, elke dag 'n bietjie gulsiger. Maar as jy jou hand by die hok insteek om die vleis te laat val, takel hy eers die hand en daarná die vleis. En hy sluk die vleis omtrent heel in, wurg dit af en begin weer op en af stap met kort, kordate treetjies. As jy te lank bly staan en kyk, storm hy op die draad af, klap en pik en skop, blaas, dreig.

Die kraai het groter geword en sy vere minder.

****************

Dit was 'n Sondagmiddag toe my broer met my kom praat. "Ek dink ek moet my kraai maar los," het hy gesê.

Ek het hom nie probeer aanmoedig nie. Een verkeerde woord, het ek geweet, en hy verander dalk van voorneme.

Maar hy het aangedring op my opinie.

Toe dink ek vinnig en sê: "Dis jou kraai en jy moet besluit, maar ek dink as die kraai kon besluit, sou hy homself losgelaat het."

"Dis die probleem," het my broer gesê. "Juis dit hinder my meer as iets anders. Ek is lief vir die kraai en ek versorg hom goed. Maar dit voel nie vir my of hy myne is nie. Ek wil hê dit moet my kraai wees. En solank hy wil weg, is hy nie regtig myne nie."

************************************

**(a)** Waar het die broer die kraai gekry? [2]

**(b)** Waarom het die kraai so reageer as hy gevoer word? [2]

**(c)** Hoe het die kraai in die hok gereageer? Noem 4 dinge. [4]

**(d)** Wat het die broer oor die kraai besluit? [2]

**(e)** Hoe het die broer oor sy besluit gevoel? [2]

**(f)** Hoe het hulle geweet dis dieselfde kraai wat terug is? [2]

**(g)** Hoe het die broer gereageer op die kraai se tuiskoms? [2]

**(h)** Wat het die broer dié keer anders gedoen? [2]

**(i)** Hoe het die kraai na sy tuiskoms opgetree? [2]

**[20]**

**OF**

**4** Lees die onderstaande gedeelte noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Boontjiebredie – Marietjie Kotze**

As Ma nie so sleg gevoel het oor Boeta wat op sy laaste lê in die stad se hospitaal nie, het sy my sekerlik net dáár 'n oorveeg gegee, want kyk, kinders praat nie só met vader en moeder nie. Maar Boeta se siekte het haar nou al holgevreet. Haar oë is weggesink. Hulle kyk verby my.

*********

Daardie selfde aand nog kook Ma die boontjiebredie.

Dit hang oor die hele huis. Ek lê in my bed en versmoor in die reuk van uie en boontjies. Ek versmoor ook in my gedagtes. Ek probeer dink aan Boeta in sy wit bed, maar al wat ek sien, is Ma se wit voorskoot bo-op haar skeefgetrapte skoene.

*********

Die kombuisstoel kraak onder oom Douw se gewig. Hy hou met een hand aan die tafeldoek vas, met die ander slaan hy op sy knie. "Nou't ons vir jou 'n geneuk!" sê hy en nog 'n keer: "Nou't ons vir jou 'n geneuk!"

Ek bly maar staan met my hande in my jassakke en die koue Junielug om my bene. Totdat oom Douw my so raaksien en opstaan en sy hand op my skouer kom sit.

**(a)** Wat beteken dit dat Boeta *"op sy laaste lê in die hospitaal"?* [2]

**(b)** Wat het Neeltjie vir haar ma gesê waaroor sy eintlik 'n oorveeg moes kry? [2]

**(c)** Verduidelik wat bedoel word met *"Boeta se siekte het haar nou al holgevreet"?* [2]

**(d)** Hoekom het Ma boontjiebredie gekook? [2]

**(e)** Gee **2** redes waarom Neeltjie "versmoor in die reuk van uie en boontjies". [4]

**(f)** Wat leer ons van Ma-hulle se omstandighede uit haar "skeepgetrapte skoene"? [2]

**(g)** Wat het oom Douw by Neeltjie-hulle kom doen? [2]

**(h)** Van watter "geneuk" praat oom Douw? [2]

**(i)** Wat is ironies aan die slot van die verhaal? [2]

**[20]**